NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 5 SEPTEMBER 2012 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Abrahams, M
Cox-Bruintjies, Y S
Goliath, M S I
Humphreys, F S
Hunsinger, C H H
Sedeman, A C
Stemele, O M
Wilskut, W

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl M van Zyl open die vergadering met gebed.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C M Cloete, B W Geel, sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 8 AUGUSTUS 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 8 Augustus 2012 as korrek bekragtig word, onderhewig daaraan dat rdl R F van der Westhuizen geskrap word as lid van die komitee.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER: JULIE 2012
5.1.2 FINANSIËLE DIENSTE: JULIE 2012
5.1.3 KORPORATIEWE DIENSTE: JULIE 2012

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die finansiële dienste se maandverslag vir Julie 2012 en bevestig dat die 2011/2012 finansiële state betyds by die kantoor van die Ouditeur-Generaal ingehandig is.

Mnr Cooper noem dat daar binnekort ‘n werkwinkel gereël sal word met verskeie rolspelers waartydens die Raad se uitstaande skulde onder die loep geneem sal word. ‘n Woord van dank word gerig aan raadslede met hul skoon rekord t.o.v. die betaling van munisipale rekeninge.

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoering aangaande sy voorlegging aan COGTA op 4 September 2012, waartydens die uitdagings waarmee plaaslike owerhede gekonfronteer word bespreek was, onder andere onbefondse mandate, uitstaande skulde en die problematiek rondom kredietbeheer in gebiede waar Eskom die elektrisiteitsverspreider is.

Die Munisipale Bestuurder is versoek om ‘n verdere voorlegging te doen aangaande die impak van onbefondse mandate op plaaslike owerhede, aangesien COGTA nie bewus is van die omvang daarvan nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Finansiële Dienste en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Julie 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl R F van der Westhuizen

Abrahams, M	Papers, C H
Fortuin, C	Rust, N J A
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Hunsinger, C H H	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:30 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J I van der Merwe, sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 8 AUGUSTUS 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 8 Augustus 2012 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE: JULIE 2012
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: JULIE 2012

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste om die maandverslag van Julie 2012 te behandel.

BESLUIT/...

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) O M STEMELE
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl A C Sedeman
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

Goliath, M S I
Hunsinger, C H H
Papers, C H
Philander, D B
Stanley, B J
Van der Westhuizen, R F
Van Zyl, M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:45 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl A M Sneewe, sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 8 AUGUSTUS 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 8 Augustus 2012 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE: JULIE 2012

Rdl D B Philander verneem na die beskikbaarheid van drinkbare water aan Anne Pienaar Gedenk Primêre Skool, aangesien die monster nie voldoen aan die SANS-standaarde nie.

In antwoord noem die Munisipale Bestuurder dat die oorspronklike aansoek van die Anne Pienaar Primêre Skool was om slegs water te bekom vir toiletfasiliteite en ander gebruike, maar nie vir menslike gebruik nie.

5.1.1/...

Tans maak die skool van suiweringstablette gebruik om die water drinkbaar te maak en is hul in gesprek met die munisipaliteit, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit.

Rdl D B Philander verneem verder na die inspeksies in landelike areas, aangesien waterbesoedeling deur die spuit van gifstowwe veral nou probleme kan veroorsaak.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat die Departement van Landbou primêr verantwoordelik is om voormelde aangeleentheid te monitor en dat inspeksies op spesiale versoek uitgevoer sal word.

5.1.2 BESKERMINGSDIENSTE: JULIE 2012

5.1.3 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE: JULIE 2012

Rdl D B Philander verneem na die prosesse rondom die afskaling van die Swartland Munispale Polisiediens.

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon dat veiligheid een van die strategiese doelwitte ingevolge die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is. Die herstrukturering van die diens het daarom ten doel om 'n meer bekostigbare, operasionele en sigbare diens daar te stel.

Mnr J J Scholtz verduidelik breedvoerig wat met die onderskeie fases van die herstrukturering van die diens beoog word. Die proses geskied onder die naam – herstrukturering van die Swartland Munisipale Polisiediens ten einde aan te pas by die behoeftes (finansiële beperkinge) van 'n plaaslike landelike munisipaliteit.

5.1.4 BRANDBESTRYDING: JULIE 2012

Die voorsitter noem dat daar in proses is om 'n verslag op te stel aangaande die inspeksie en vervanging van brandkrane in die munisipale area.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir Julie 2012;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat (op versoek van rdl M A Rangasamy) die verslagdoening t.o.v. polisiëring van bywette uitgebrei word om aan te dui waar die probleemareas is;

(c) Dat, met verwysing na die Darling Voorkamerfest wat talle besoekers na Darling lok, en ook t.o.v. ander feeste daar (op versoek van rdl M A Rangasamy) gepoog word om Munisipale Polisiebeamptes beskikbaar te stel om die orde te handhaaf.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 7580, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 7580 (groot 184m²), geleë te Nywerheidsingel, Malmesbury vanaf nywerheidsone na sakesone ten einde 'n lykbesoringslokaal te bedryf.

Met die publieke deelname proses is geen besware op die voorgestelde hersonering ontvang nie.

6.1/...

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die aansoek om hersonering van ‘n gedeelte van erf 7580 (groot ±184m²), geleë te Nywerheidsingel, Malmesbury ingevolge aritkel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf nywerheidsone na sakesone ten einde ‘n lyksbesorgingslokaal te bedryf, goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNIG EN BOUBHEER

(a) dat die lyksbesorgingslokaal beperk word tot fabriekseenheid no.3 met ‘n grootte van ±184m²;
(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat ‘n aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(d) dat daar aansoek gedoen word vir ‘n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distriksmunisipaliteit en dat hierdie munisipaliteit voorsien word van ‘n afskrif van die sertifikaat;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie.

6.2 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 10609, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 10)

‘n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 10609 (groot 614m²), Malmesbury vanaf enkelwoningsone na sakesone ten einde ‘n sakegebou met 3 kantore en 2 woonstelle (bo grondverdieping) op te rig.

Alhoewel daar besware ontvang is op die voorgestelde hersonering, word ‘n volledige uiteensetting in die verslag voorsien t.o.v. die voldoening van die ontwikkeling aan die soneringsparameters.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

A Dat die aansoek om hersonering van erf 10609 (groot 614m²), geleë te Voortrekkerweg, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelwoningsone na sakesone goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word voordat enige bouwerk ‘n aanvang neem;
(b) dat die gebruik tot kantore en woonstelle bo-grondverdieping beperk word;
(c) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;
(d) dat ten minste 7 op-perseel parkeerplekke soos voorgestel op die ontwikkelingsplan voorsien word en dat dit duidelik aangetoon word;
(e) dat die eienaar/ontwikkelaar met hierdie munisipaliteit rakende die sigafstande na en van die perseel, asook die plasing van die grensmuur/palisade heining en die geboude vullisarea ooreenkom alvorens die posisie van hierdie strukture gefinaliseer word;

A2 WATER/...

6.2/...

A2 WATER

(a) dat die voorgestelde ontwikkeling voorsien word van ‘n enkele aansluiting van nie groter nie as 25mm nie;

A3 RIOOL

(a) dat die voorgestelde ontwikkeling van ‘n enkele rioolaansluiting voorsien word;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die voorgestelde parkeerarea van ‘n permanente oppervlakte voorsien word hetsy van teer, beton of plaveisel wat goedgekeur is deur Swartland Munisipaliteit;

(b) dat stormwater vanaf die ontwikkeling na die naaste geskikte munisipale versamelpunt gevoer word sodat die bestaande stelsel nie oorlaai word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid gehef word , asook vir elke afsonderlike besigheid;

(b) dat in die geval van die besighede, sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(c) dat ‘n geboude vullisarea , met skoon water en ‘n vuilwater afloopput wat gekoppel is aan die rioolstelsel voorsien word;

(d) dat die vullisarea maklik toeganklik moet wees vir vullisverwyderingswerkers en vullisvragmotor, maar ontoeganklik vir ongewenste dier en element;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat die eienaar verantwoordelik is vir die werklike kostes indien die elektriese toevoer opgradeer moet word ten einde die voorgestelde ontwikkeling van elektriese dienste te voorsien;

A6 KAPITAALBYDRAES

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R9 815.40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815.40/kl AADD) wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit teen posnommer 50-80-75-72-7990 en geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan gevolglik daarna hersien word;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277.00 op bouplanstadium betaal word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600.00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363.00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(e) Dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321.00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN/...

6.2/...

A7 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(b) dat die beswaarmaker van die besluit in kennis gestel word en op hul reg tot appèl gewys word.

6.3 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 1 VAN PLAAS KLIPFONTEIN NO. 688, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/10-15) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte (groot ±60m²) van gedeelte 1 van Plaas Klipfontein No. 688, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone 1 na landbousone II ten einde 'n 10 ton wynkelder te bedryf.

Geen besware is ontvang met die publieke deelname proses aangaande die voorgestelde hersonering en vergunningsgebruik nie.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

A Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte (groot ±60m²) van gedeelte 1 van Plaas Klipfontein No. 688, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na landbousone II ten einde 'n wynkelder te bedryf met 'n maksimum kapasiteit van 10 ton druiwe per seisoen, goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik ingevolge paragraaf 4.6 van die soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 soos van toepassing vir 'n toeristefasiliteit (±105m²) ten einde 'n wynproelokaal met verkoopspunt, konferensie/onthaalfasiliteit en restaurant te bedryf, goedgekeur word;

C Dat die goedkeurings onder punte A en B onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING EN BOUBHEER

(a) dat die nodige bouplanne vir die omskepping van die bestaande stoor na die nuwe gebruike aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die wynkelder tot ±60m² soos voorgehou in hierdie aansoek beperk word;
(c) dat die toeristefasiliteit beperk word tot ±105m² soos voorgehou in hierdie aansoek;
(d) dat 'n aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(e) dat 'n voldoende parkeerarea geskep word om besoekers tot die toeristefasiliteit te akkommodeer;
(f) dat die parkeerareas sodanig ontwerp word dat dit prakties uitvoerbaar is;
(g) dat daar aansoek vir 'n geskikheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit gedoen word, asook 'n handelslisensie vir die voorbereiding van voedsel by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste (Swartland Munisipaliteit);

C2 WATER

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

C3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

C4 VULLISVERWYDERING/...

6.3/...

C4 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen moet word indien daar van enige van die stortingsterreine gebruik gemaak gaan word binne die munisipale area;

C5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

C6 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees.

6.4 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 659, KALBASKRAAL (15/3/6-6) (WYK 7)

Die aansoek om onderverdeling van erf 659, Kalbaskraal het ten doel om 'n restant (315m²) en twee gedeeltes (groot 315m² elk) te skep waarop huise vir drie afsonderlike gesinne gebou kan word. Die huisgesinne sal dan kosteloos vanaf die plaas na die dorp hervestig kan word.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 659 (groot 945m²), Kalbaskraal ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in die restant (±315m²), gedeelte A (±315m²) en gedeelte B (±315m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

A2 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

(b) dat die spoelrioolstelsel uitgebrei word om die onderverdeelde gedeeltes van aansluitings te voorsien. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ingenieur moet die uitbreidings ontwerp en aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorlê en die uitbreiding moet onder toesig van die raadgewende ingenieur geskied.

A3 VULLISVERWYDERING

(a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

A4 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

6.4/...

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A5 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit teen R9 815.40 (BTW ingesluit) per eenheid per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815.40/kl AADD) moet gemaak word. Die kapitaalbydrae ('n totaal van R19 630.00) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R14 554.00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R7 200.00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R4 400.00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A6 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(b) dat 'n reg-van-weg serwituut geregistreer word ten einde gedeeltes B en die restant van toegang te verseker;

(c) dat 'n 4m reg-van-weg serwituut geregistreer word op gedeeltes A en B ten einde toegang na gedeelte B sowel as die restant van erf 659 te verseker;

(d) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie;

B Dat die aansoek om af te wyk van die minimum erfgrootte van Kalbaskraal van 400m² na ±315m² goedgekeur word.

(GET) A C SEDEMAN
VOORSITTER